

**23 Julie**

**Genesis 1:1; Openbaring 21:1-8**

### ***Hemel en aarde***

In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die hemel is God se troonsaal. Die aarde is die woonplek vir die mens, die beeld van God. Hemel en aarde is in perfekte harmonie met mekaar. Vanuit die hemel versorg God die aarde wat Hy goed geskep het. Vanaf die aarde word God in die hemel verheerlik.

Toe kom die val in sonde. Sonde is oorlogverklaring vanaf die mens op aarde teen God in die hemel. Die gevolg: 'n ontsaglike kloof tussen hemel en aarde. Die harmonie van die eerste Bybelvers is daarmee heen. Die ganse skepping sug, as gevolg van die mens se opstand teen God. Ons hoor en sien die klaaglike gesug oral, daaglik: in die bose mens se Godonterende doen en late, in roof en moord, in versengende droogte en vernietigende haelstorms, in rekenaarvirsusse en ruimterommel. Totdat Christus kom: Verlosser van die gevallene mens en die sugtende aarde. Christus maak alles nuut, ook die gebroke band tussen die aarde en die hemel. Die roeping van die Christen is om kragdadig vanuit Christus se verlossing te leef. Ons bestaan moet opnuut op God in die hemel gerig wees, soos voor die sondeval. Johannes aanskou met verwondering die voltooiing van Christus se verlossingswerk. Die eerste Bybelvers kry 'n ryker inhoud as ooit tevore: geen hemel én aarde, maar hemel op aarde, aarde in die hemel. Daarheen is ons op pad. Dié wete maak ons lewe en arbeid op die aarde besonder doelgerig.

Sing: Psalm 33:5

Ds. G.J. Meijer (Wonderboompoort)